

In diens van die groter koninkryk

Teks: Matteus 12: 1 - 8
Teksvers: Matteus 12: 6

1. Inleiding

Ons is vanoggend weer hier eksklusief via 'n uitgesaaide erediens bymekaar. En dit is natuurlik moeilik want dit is nie hoe ons die nuwejaar wil begroet. Ons sou mos eerder hierdie eerste Sondag van 2021, bymekaar wou wees. Maar weens die 2de golf van die pandemie sal dit net nie moontlik wees nie. En dit is nou juis hier waar gelowiges in die geloofsgemeenskap verskillende stemme laat opgaan.

Ons kan hierdie soos volg opsom. Eerstens is daar natuurlik die totale ontkenning van die pandemie. Dit is hierdie groep mense wat glo alles is opgemaak, om een of ander, ander agenda te bevorder. Maar teen hierdie tyd is daar al genoeg mense naby aan 'n mens geraak om dit heeltemal te glo. Die volgende groep mense erken die bestaan van die pandemie maar staan negatief teenoor die manier waarop die regering dinge hanteer.

Uiteindelik kan 'n mens ook nie soos die laasgenoemde groep eenvoudig die regering blindelings kan prys vir ooglopende irrasionele en teenstrydige besluite nie. En dit is dan nou juis die vraag wat moet ons as geloofsgemeenskap doen.

Hoe moet ons te werk gaan om te verseker dat ons die balans tussen Paulus se woorde in Handeling 5:29: “'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!” en sy woorde Romeine 13:1 “Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.” vind.

Op 'n manier is dit presies waar ons ook vanoggend vir Christus aantref. By die saailand met honger dissipels om hom.

Eerste Preek

Dissipels wat aangekla word deur die geloofsleiers van die tyd. Kom ons gaan leer by Christus wat die regte ingesteldheid is waarin hierdie probleme aangepak moet word.

2. Gemak in georganiseerde Godsdiens

Die aanklag teen die dissipels in ons teksgedeelte is duidelik. Ons hoor uit die mond van die Fariseërs die volgende. Ons het die wet oorgelewer deur Moses. En die wet sê mos duidelik in die 4de gebod, dat jy geen werk mag doen op die sabbat nie. Dus mos hierdie dissipels soos die volk van ouds met die die manna in Eksodus 16 die vorige dag dubbeld soveel koring uitgevryf het. En as Jesus as leermeester dan nou nie sy dissipels hierop tereg gaan wys is, dan is daar 'n probleem.

En dit is dan juis hierin wat die aanklag so sterk na my jou toe kom vanoggend. Benader ons vandag ook maar net ons geloof met 'n fariseërshart. Met 'n fariseërshart bedoel ek 'n hoogmoedige afkyk op mense wat nie so wetsgetrou in die geloof is, soos ek nie. Mense wat deur agterloosigheid of sommer net eenvoudige luiheid in 'n posisie beland het, waarin hulle nie anders kan as om te sondig nie. Soos die dissipels wat nou op 'n Sabbat moet werk sodat hulle nie honger bly nie.

Miskien is dit juis die gevaar van georganiseerde Godsdiens, of dan wat ons dikwels verkeerdelik as kerk sien. Die idee dat ander mense mos alreeds vir my 'n afmerklysie met geloofsaktiwiteite en rituele opgestel. Ek kan nou maar net rustig self afmerk en veroordeel wie nie afmerk nie.

Maar is dit werklik die hart van dit wat Christus kom openbaar het. As dit was, sou Hy mos geen ander keuse gehad het, as om Sy dissipels onmiddelik te vermaan nie. Anders sou hy mos as voortaan as 'n korrupte leermeester bekend gestaan het.

Presies die aantyging wat die Fariseërs teen hom wil inbring. Maar dit is dan juis op hierdie punt waar Jesus iets beter of groter openbaar.

3. Die groter koninkryk

Ons Here Jesus Christus openbaar die koninkryk hier aan die Fariseërs. Dit begin al in vers 3 waar Christus juis die kennis van hierdie einste skrifkenners uitdaag. Hy vra hulle of hulle dan nie onthou van Dawid en die priesters nie. Dawid wat duidelik die tempel ontreinig het. En dan ook die priesters wat die Sabbat ontheilig in hulle ampswerk.

Maar dit is hier waar die groter as saak duidelik geopenbaar word. Die belang van die ampswerk groter as die persoonlike sabbatsonderhouding van die priester. Dit is natuurlik dieselfde met Dawid. Geen Fariseërs sou die belangrike rol wat Koning Dawid, in die volksgeskiedenis gespeel het ontken nie. Dawid het die roeping wat die Here op Sy lewe geplaas het uitgeleef. Daarom sou sy ampswerk tot niet gewees het, as Agimelek vir Dawid laat sterf het van die honger. Dus in die geval van Dawid, is prioriteit van die ampswerk ook hoër as die ontreiniging van die tempel

Dit bring ons by ons Here Jesus Christus. Dit is wat in vers 6 geopenbaar word. Hier is Een wat groter is. Wanneer die grondteks ondersoek word, dui die bewoording dat die klem baie meer op 'n bepaalde eienskap van 'n persoon val as op die persoon self. Dit is dus duidelik dat Jesus hier na Sy roeping hier op aarde verwys. Dit is baie groter as die heiligheid van die tempel. En daarmee natuurlik die verkondigers van hierdie nuwe groter koninkryk wat Christus bring deur Sy verlossing. Die dissipels moet hierdie nuwe koninkryk aan die wêreld gaan verkondig.

Ons weet uit Efesiërs 4:11 dat dit hulle ampswerk is. En in hierdie geval is die prioriteit van hulle ampswerk hoër as hulle

ontheiliging van die Sabbat. Hulle is die priesters van die Ou Testament wat juis op die Sabbatdag besig moet wees met ampswerk.

4. My rol in die koninkryk

Tog soos ons maar gereeld in geloofsgesprekke ervaar, het ons tot nou toe nog net kritiek gelewer op die optrede van die Fariseërs. Dit is duidelik wat hulle verkeerd gedoen het, maar wat sou die regte optrede deur hulle dan wees. Uiteraard moes hulle vir Christus as die lank beloofde Messias erken het. Maar die vraag watter praktiese optrede sal so 'n oortuiging tot gevolg hê.

Indien Christus as die Messias erken sou, sou daar by die Fariseërs geen ilusie wees oor Sy roeping nie. Oor Sy ampswerk hier op aarde nie. En uiteraard is dit iets waarvan 'n opregte gelowige deel wil wees. Ons wil deel wees van die koninkryk van die Here. Dit beteken eerstens dat ons mense in hulle roeping, in hulle ampswerk moet ondersteun. Die Fariseërs kon deur hulle ondersteuning die ampswerk van Jesus en die dissipels baie vergemaklik het.

Maar die tweede belangrike punt wat hiermee saamgaan is natuurlik ons elkeen se eie roeping in die lewe. Dit waartoe die Here my persoonlik roep, ook in die amp van die gelowige. Gaan vervul ek my rol in die koninkryk? Want dit is uiteindelik wat 'n dankbare hart doen. Dit is op die Ou einde waar geloofsuitlewing. 'n Oortuiging wat soveel dieper strek as blote lidmaatskap aan wat ons dink kerk is. Dit is 'n verhouding met die Here wat my dryf tot die ondersteuning van my broer en suster se roeping en ampswerk. Terug by die Fariseërs in ons teksgedeelte. Die optrede van 'n wedergebore gelowige word vir ons opgesom in 1 Korinthiërs 8:13: "13Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie." Dus sou die regte optrede van die Fariseërs wees om

voedsel aan die dissipels te verskaf sodat hulle nie koring hoef te pluk op die sabbat nie.

5. Slot

Om af te sluit keur ons terug na die saak in ons inleiding. Hoe moet ons optree tydens hierdie verbod op eredienste. Moet die kerk 'n sterk getuigenis teenoor die staat lewer, oor die waarheid van 'n irrasionele besluit? Die antwoord hierop is natuurlik as dit die roeping op jou lewe is, moet dit gedoen word. Maar in ons teks is daar 'n duidelike ander waarheid.

Daar is 'n gemene roeping op alle wedergebore Christene. Dit wat ons duidelik in hierdie preek sien. Hierdie roeping is om juis die geloofslawe van my broer en suster te bevorder so ver dit ook vir my moontlik is. 'n Voorbeeld is wanneer daar oor hierdie elektroniese manier van erediens hou gepraat word, word finansies vinnig as struikelblok by mede broers en susters genoem word. Maar dan in lyn van die preek, is dit nie juis ons roeping om te sorg dat hierdie finansiële struikelblokke uit die pad van ons naaste te rol nie.

Uiteindelik is dit die waarheid van liefde en genade wat die Here aan ons bewys het so onbegryplik groot. Dit is uiteindelik ook hierdie liefde van die Here wat ons verlos van die Fariseërs se manier van optree. Hierdie verlossing verander elke situasie waar 'n broer of suster se geloofslawe beproef word, in 'n geleentheid om hulle te help eerder as te veroordeel. En is die tyd waarin ons leef nie juis vol van beproewings nie? Uiteindelik is dit ons roeping in die groter koninkryk, die koninkryk van die Here, ook vandag.

Amen